

Jou eie Profeet

Deut. 18:15-19

HK Sondag 12

Inleiding

- Hier is 'n raaisel:
 - Jy wil dit hê, maar dikwels as jy dit kry, wil jy dit nie meer hê nie.
 - Die waarheid!

- Soms is die waarheid 'n onaangename ding om te hoor maar baie nodig om te hoor.
 - Soos bv die nuus van die dokter dat jy ernstig siek is.
 - Of dat jy nie goed gedoen het in 'n toets nie.
 - Dis nie lekker nuus nie...
 - maar nou dat jy dit weet kan jy iets daaraan doen.
 - Onaangename waarheid, kan jou op 'n aangename plek bring.

- Dis op 'n manier hoe die waarheid werk wat Jesus met jou praat.
 - Baie dinge daarvan is nie lekker om te hoor nie
 - Baie mense vermy Jesus vir hierdie rede

- Maar Jesus kan nie anders as om die waarheid te praat nie
 - want die Bybel beskryf Hom as 'n profeet wat die waarheid praat.
 - Die vraag vanoggend is of Hy jou profeet is,
 - Of jy Hom toelaat om met jou die waarheid te praat.

Agtergrond

- Om agter te kom dat Jesus 'n profeet is,
 - moet ons iets van sy tweede naam verstaan.
- Jesus se tweede naam, *Christus*,
 - is net die Griekse vertaling van die Hebreëuse woord *Messias*.
 - Dit beteken letterlik “die gesalfde”.
 - Om 'n persoon te salf met olie op die kop
 - was in die Ou Testament 'n ritueel waardeur iemand 'n spesifieke werk gekry het.
 - Profete is gesalf, Priesters is gesalf en Konings is gesalf.
- In die Ou Testament het elkeen van hierdie mense 'n verskillende werk gehad vir God
 - Die profete moes God se waarheid vir die mense vertel.
 - Dink aan Moses, Natan, Jesaja ens.
 - Die Priesters moes namens die mense offers bring en vir die mense bid.
 - Dink aan Aaron, Leviete, Eli ens.
 - Die Konings moes die mense lei en regeer en saam laat werk.
 - Dink aan Saul, Dawid, Salomo ens.
- Ons kan vir elkeen van hulle 'n teken gee om dit maklik te maak om hulle kern-take te onderskei:
 - Die profeet wys na jou;
 - Die priester help en maak reg;
 - Die koning gee opdragte.

- Nou... in die Ou Testament word gesê dat die ware *Messias/Christus/Gesalfde* nog sal kom.
 - Die ware profeet sal kom [Deut. 18:15],
 - die ware priester sal kom [Sag 6:13]
 - en die ware koning [Jes. 32:1] sal kom.

- In die Nuwe Testament sien ons dat dit Jesus is
 - – daarom kry Hy die naam *Christus!*
 - Profete, Priesters en Konings van die OT moes mense eintlik net solank oor Jesus leer!
 - Jesus die *Messias/Christus/Gesalfde* is daarom al drie hierdie ...opgerol in een.

- Maar hier is waar dit rêrig interessant raak:
 - Hy was dit nie net nie... Hy is dit vandag nog in Vanderbijlpark.
 - En Hy wil dit vir jou wees

- Daarom gaan ons kyk na
 - die werk van die profete in die Ou Testament.
 - Na Jesus as profeet in die Nuwe Testament.
 - Die gevolg daarvan as Jesus nie jou profeet is nie.
 - En wat dit beteken om Jesus wel as jou persoonlike profeet te hê...

Profete in die OT

- Profete in die OT was reguit waarheid praters.
 - Hulle het daardie dinge gesê wat almal in die vertrek dadelik ongemaklik laat voel het.
 - Dinge wat polities nie korrek is nie... maar wat wáár is en gesê moes word.

- Dink bv aan die profeet Natan.

- Koning Dawid het verlief geraak op Batseba en haar swanger maak.
 - Toe hy dit agterkom het hy gesorg dat haar man, 'n soldaat, voor veg in die oorlog sodat hy sal sneuwel.
 - Die Here stuur toe vir Natan om hierdie 'cover up' oop te vlek.
 - Natan vertel vir Dawid toe 'n storie van 'n ryk man met baie vee maar wat 'n arm man se enigste hans lammetjie slag vir kuiermense.
 - Dawid is toe woens kwaad oor so iets
 - maar Natan sê toe reguit vir Dawid: "Jy is die man." [2 Sam 12].
- Dis wat 'n profeet doen: Hy vertel jou: "Jy is die man."
 - 'n Profeet is 'n reguit waarheid prater
 - wat nie skroom om God se wil vir jou te sê nie

Jesus as Profeet

- En Jesus is die *ultimate* profeet.
 - In Deut. 18:18 praat God met Moses en sê:
- *¹⁸Ek sal 'n profeet vir hulle na vore laat kom, een van hulle volksgenote. Hy sal soos jy wees. Ek sal my woorde in sy mond gee, en hy sal vir sy volksgenote alles sê wat Ek hom beveel. ¹⁹Ek sal self rekenskap eis van elkeen wat nie gehoorsaam is aan my woorde wat die profeet in my Naam sê nie.*
- Hy gaan namens God praat
 - en Hy gaan die waarheid sê soos dit is.
 - En ons sien dit ook gebeur in Jesus se bediening:

- Vir die mense besig met skynheilige godsdiens sê Jesus in Lukas 11:43:
43“Ellende wag vir julle, Fariseërs, want julle hou van die ereplek in die sinagoges en om op straat eerbiedig begroet te word.”
- Vir die Samaritaanse vrou by die put sê Jesus in Joh. 4:
“Gaan roep jou man en kom terug hierheen.” ¹⁷Die vrou het Hom geantwoord: “Ek het nie ’n man nie.” En Jesus sê vir haar: “Dis reg wat jy nou gesê het: ‘Ek het nie ’n man nie.’¹⁸Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Jy het die waarheid gepraat.” ¹⁹Die vrou het vir Hom gesê: “Meneer, ek sien dat u ’n profeet is.”
- Wat wys dit ons?
 - Dis nie maar net ‘lieuwe Jesus’ wat maar altyd ‘verstaan’ nie
 - As profeet is Jesus die waarheid-pratende;
 - vreesloos konfronterende preker
 - wat jou sonde, dwaasheid en eiewilligheid aanvat
 - deur jou daaroor aan te spreek en jou te beveel om jouself te bekeer.
 - Hy sál jou altyd roer oor die waarheid.
 ...nogal ongemaklik!!

As Jesus nie jou profeet is nie

- Maar as Jesus nie jou profeet is nie,
 - dan sien jy Hom as iemand wat jou nooit sal vasvat nie.
 - Nooit hard sal praat nie.
 - Eerder sal stilbly as jou gevoelens seermaak.
 - Hy sal jou nooit beveel om op te hou met sonde nie.

- Dit is die geval as jy tipies allerhande goeie redes het vir die verkeerde dinge wat jy doen
 - ...én jy is rustig daaroor
 - – dan hou jy jou oor toe vir Jesus as profeet.

- In hierdie flou weergawe van Christenskap
 - word verkeerde dinge graag reg-gepraat.
 - Enige seksuele voorkeur is eintlik maar reg
 - en uiteindelik gaan almal maar hemel toe.
 - Ons hoef nie ernstig te raak oor elke vers van die Bybel nie
 - Die skerp punte van die Bybel word stomp gemaak

- Maar hier is die katastrofiese krisis as Jesus nie jou profeet is nie:
 - Dan kan Hy ook nie jou priester wees wat vir daardie verkeerde goeters offer nie,
 - en ook nie jou koning om jou daaruit te lei nie.

 - Want dan is daar mos niks verkeerde dinge om voor te offer as priester nie!
 - En wat is die offer dan werd? Niks.
 - As jy dan koning is wat die sê het oor die dinge in jou lewe,
 - waarom kan Hy dan koning wees? Niks.

- Dis wat op die spel is: as Jesus nie jou profeet is nie,
 - ...is Hy niks van jou nie.
 - Ook nie priester nie en ook nie koning nie.
 - Uiteindelik verloor jy die hele Jesus.
 - En kry jy wat jy wil hê: jou eie pad om self te loop

- Maar as jy Hom toelaat as profeet
 - om met jou die waarheid te praat oor jou sonde...

- dan is daar iets om voor te offer as priester...
- en iets om oor beheer te neem as Koning...
- en het jy uiteindelik ware verlossing in die hele Jesus!
 - om Hom as dissipel te volg op sy pad

Jesus as jÓÚ profeet

- Dis hoekom baie mense nie hou van Bybel lees nie.
 - As jy vra “Hoekom nie?”, sal hulle vir jou sê dat hulle net al hoe meer depressief voel.
 - Maar hulle voel eintlik depressief want
 - hulle kom agter hoe heilig God is
 - en hoeveel sonde hulle in hulle lewe het.
 - Dis nie lekker nie... en daarom vermy hulle die Bybel.
 - En kla dan gou dat God so ver voel
- Sien... Jesus is vandag nog steeds die profeet
 - en praat reguit met jou in die Bybel
 - oa deur jou sonde vir jou uit te wys.
 - maar as hierdie waarheid oor jou sonde
 - jou bring by berou en laat hardloop na Hom as die priester toe wat Homself vir jou offer,
 - is jy vry om Sy goeie koningskap in jou lewe te hê
 - ...en dan beleef jy die VERLOSSER se verlossing.
- Jesus se rol in jou lewe as profeet is daarom uit liefde
 - omdat Hy vir jou al die slange uitwys waarmee jy speel.
 - Die gif wat jy drink.
 - Hy vat jou aan die skouer, kyk jou in die oë, noem jou sonde op die naam en vertel jou altyd die waarheid daaroor.
 - As jy Hom dít toelaat... is Jesus jou profeet!

- Hier is die goeie nuus vanoggend:
 - Gee nie om waar jy geestelik trek nie –
 - luister altyd na Jesus as jou profeet,
 - hoor wat Hy vir jou uitwys as sonde,
 - bekeer jou en vlug na Hom as priester
 - en volg hom vêrder as Koning.

Slot

- Jesus die profeet is die waarheid prater.
 - Jy en jou ego gaan waarskynlik nie altyd van alles hou wat Jesus vir jou uitwys nie.
 - Maar as jy die liefdevolle rede verstaan hoekom Hy dit uitwys...
 - en die pad leer ken waarheen dit jou vat...
 - na Hom as Priester en as Koning...
 - sal sy waarheid al hoe meer iets word waarna jy smag!
 - Jy gaan daarmee stoei,
 - Maar uiteindelik jou Verlosser en verlossing beter ken.

- Volgende week ontdek ons die waarde van Jesus as jou persoonlike priester.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
7 Februarie 2016
Deel 1 van 3